Dan 3:20-21,27-29 **Die virus sal ons nie onderkry of wen nie!** **Vr 10 Jul 2020**

God bewaar ons deur alle gevare vir die ewige lewe!

Bronne **Wiersbe WW** 2002 The Bible Exposition Commentary. Old Test The Prophets p.266-267

Die boek Daniël is ‘n groot bron van aanmoediging en versterking in die geloof vir Christene. Die boek herinner ons sterk daaraan dat God nie net omgee vir sy kinders nie, maar hulle behoed en bewaar en gebruik en deur gevare en vuuroonde laat gaan om sy Naam te openbaar, te bely en te verheerlik. **1 Sam 2:30d** “… die een wat My eer, sal Ek eer,...”

In Daniël 3 lees ons die bekende verhaal van Daniël se drie vriende wat in die brandende vuuroond gegooi is omdat hulle nie die beeld van Nebukadneser wou aanbid nie. Toe hulle in die vuuroond gegooi is, was daar ‘n engel by hulle. Die vuur kon niks aan hulle doen nie. hulle hare het nie geskroei nie, hulle klere het nie gebrand nie en jy kon nie eens ruik dat hulle in die vuur was nie. **Dit is menslikerwys**, onverstaanbaar, onverklaarbaar en onlogies met betrekking tot al die wette van fisika. Maar daar lê vir ons ‘n groot vertroosting in hierdie gebeure.

Ons gaan na drie sake kyk: Bemoediging in die dae van Daniël.
Bemoediging in ons dae, vandag.
Bemoediging vir die toekoms.

1 Bemoediging in die dae van Daniël. Sake kon nie vir die Jode slegter gewees het as gedurende hierdie 70 jaar in Babilonië nie. 1) Hulle land is verwoes. 2) Die tempel is afgebreek en verwoes. 3) Jerusalem was platgeslaan. Die toekoms het donker gelyk en hopeloos. Hulle moes selfs die beeld van Nebukadneser aanbid. Maar Sadrag, Mesag en Abednego se wonderbaarlike bewaring in die vuuroond was ‘n direkte bemoediging en versterking dat God met hulle is. Hierdie gebeure het ‘n sterk boodskap uitgestuur dat God steeds by hulle as volk is al was hulle in ballingskap. God het belowe en Hy was by die drie in die brandende vuuroond.

2 Bemoediging vandag. Ons het in rus en vrede en voorspoed geleef tot en met hierdie jaar. Ons kon besluit, doen wat ons wou en wanneer ons wou. Ons het gewerk, gespeel, gereis en gekuier. Ons het ook God aanbid, maar was ons altyd opreg en getrou en het ons volle vertroue op God gestel? Vandag in 2020 het ons nog steeds vrede en kan ons God steeds vrylik aanbid, alhoewel nie meer as gemeente fisies bymekaar nie, maar in die gees is ons eensgesind. Ons kan en mag God aanbid wanneer ons wil soos ons wil in ons privaatheid van ons wonings of oor die sosiale media. Ons mag net nie fisies as gemeente bymekaarkom nie. **Hierdie** virus en abnormale omstandighede waarin ons nou leef, raak vir baie mense ‘n uitdaging. Ja rondom ons gaan daar nou van ons kollegas, vriende, familie en kennisse dood. Dit is baie erg en baie traumaties! Die “brandende-vuuroond” van die virus word nou sewe maal warmer gemaak. Die virus is ‘n realiteit en mense word baie siek. Maar God het vir Daniël se drie vriende in die brandende vuuroond gesorg, Hy sorg ook vir ons vandag. Maar dit gaan ‘n groot deel van genade, gebed, moed en geloof neem om staande te bly. Dit is nou die tyd wat ons maar kan weet dat God ons nie bo ons kragte sal versoek nie. Die krag is die krag van Jesus Christus in my. Met God aan my sy spring ek oor ‘n muur. Ons weet dat God vir ons sorg. Ons het die Bybel. Ons het Jesus Christus wat by ons is en ook in die hemel vir ons plek voorberei. Ons het die Heilige Gees as Trooster wat by ons bly.

3 Bemoediging vir die toekoms. Maar geen virus, geen mag of krag of gesag sal ons van God af kan weghou nie. Ons is reeds meer as oorwinnaars. Rom 8;30-39. Ons het reeds die belofte en bewys van die ewige lewe. Ons is nou in ‘n tyd van swaarkry en trauma. Ons is in ‘n tyd wat dit vir ons almal voel of dit vir ons te veel word. Maar ons weet ook dat ons sal oorwin. Ons sal die ewige beërf deur Jesus Christus. Hierdie trauma, pyn, swaarkry sal verbygaan. Maar intussen moet ons net aan die Rots, aan Jesus Christus vashou. Hy is ons Rots en Verlosser. Hy sal ons bewaar. Hy sal ons altyd dra.

AMEN *(Ds Gerrit Kruger Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595)*